# Sade

Kwartaal 2 Week 2



➢ Soek in die tuin en huis rond vir enige sade.



Vra vir mamma, pappa, boetie of sussie om jou te help.

Sit die verskillende soorte saadjies in 'n bakkie en hou dit op 'n veilige plek om elke dag na te kyk soos wat ons daaroor gesels.

# Hierdie week gaan ons oor die volgende gesels:


- Hoe sade lyk.
- Waar ons sade kry.
- Die siklus van ‘n saad.
- Verspreiding van sade.
- Gebruike van sade.



# Wat weet jy van sade?

Kyk na jou bakkie vol saadjies en antwoord die vragies:

- Hoe lyk 'n saad
- Waar kry ons sade?
- Wat dink jy doen 'n mens met saadjies?



# Dag 1

28 April

# Gediggie- Tuinmaak

- Leer die volgende gediggie om elke dag op te sê



**Tuinmaak**

As ek in my tuintjie klein-klein saadjies saai,
dan kom die sagte windjie om hulle weg te waai.
Dan kom die fynste reëntjies om hulle vas te druk
en ek kom met my mandjie om blommetjies te pluk.

# Hoe lyk sade?

Maatjie, kan jy 5 sade in die prentjie soek en vind?






mooi!!

# Verskillende sade het verskillende....

kleure



grootttes



vorms



# Waar kry ons sade?

- Ons kry sade binne in vrugte. Het jy al 'n appel geëet en gekyk wat in die middel is?
- Ons kry ook sade aan die buitekant van party vrugte. Waar sien jy die sade van die aarbei?
- Party groente het ook sade binne in.
- Ons kry ook sade wat aan plante hang.







# Kan jy sê waar die saad in elke prentjie is?



aan bome



buitekant van vrugte



in vrugte



in groente

Kom ons kyk of jy reg is...



Goeie werk maatjie!!